Skriflesing: Efesiërs 4: 17 – 5:5
Teks: **Efesiërs 4:23-24**
Sing: VOORAF SANG- Sb. 18-1 (9): 1,4
TYDENS EREDIENS – Ps. 33:1,3; Ps. 40:4; Ps. 48:5; Ps. 23:3; Ps. 116 ...; Sb.10-2 (28b):1
Efesiërs 4: 17 – 5:5

Eph 4:17 In die Naam van die Here doen ek 'n ernstige beroep op julle: Moenie langer soos heidene lewe nie. Hulle gedagtes lei tot niks,
Eph 4:18 hulle verstand is verduister, en hulle het geen deel aan die lewe wat God skenk nie, omdat hulle hardnekkig in hulle onkunde volhard.
Eph 4:19 Hulle het heeltemal afgestomp geraak en hulle met 'n onversadigbare drang aan losbandigheid oorgegee om al wat vuil is, te doen.
Eph 4:20 Maar dit is nie hoe julle Christus leer ken het nie.
Eph 4:21 Julle het tog van Hom gehoor, en omdat julle sy volgelinge is, is julle onderrig volgens die waarheid wat in Jesus is.
Eph 4:22 Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word.
Eph 4:23 Julle gees en gedagtes moet nuut word;
Eph 4:24 lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.
Eph 4:25 Noudat julle die valsheid afgelê het, moet julle onder mekaar die waarheid praat, want ons is lede van dieselfde liggaam.
Eph 4:26 As julle kwaad word, moenie sondig nie, en moenie 'n dag kwaad afsluit nie.
Eph 4:27 Moenie die duiwel vatkans gee nie.
Eph 4:28 As iemand 'n dief is, moet hy ophou steel; hy moet deur harde werk op 'n eerbare manier self in sy lewensonderhoud voorsien; dan sal hy iets hê om vir die armes te gee.
Eph 4:29 Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede, sodat dit julle hoorders ten goede kan kom.
Eph 4:30 En moenie die Heilige Gees van God bedroef nie, want Hy het julle as die eiendom van God beseël met die oog op die verlossingsdag.
Eph 4:31 Moet nooit verbitter of opvlieënd wees of woedend word nie; moenie vloek of skel nie; moet niks doen wat sleg is nie.
Eph 4:32 Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het.

Eph 5:1 Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, moet julle sy voorbeeld volg.
Eph 5:2 Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad en om ons ontwil sy lewe as 'n offergawe gegee het, ja, 'n offer wat vir God aanneemlik was.
Eph 5:3 Soos dit gelowiges betaam, moet daar van ontug, onsedelikheid in enige vorm, of gierigheid onder julle selfs geen sprake wees nie.
Eph 5:4 Growwe, ligsinnige of vuil praatjies pas nie by julle nie; nee, dank aan God pas by julle.
Eph 5:5 Dít moet julle goed besef: iemand wat ontug pleeg, onsedelik lewe of 'n gierigaard is – want gierigheid is afgodery – het nie deel aan die koninkryk van Christus en van God nie.

Skriflesing: Efesiërs 4: 17 – 5:5
Teks: **Efesiërs 4:23-24**
Sing: VOORAF SANG- Sb. 18-1 (9): 1,4
TYDENS EREDIENS – Ps. 33:1,3; Ps. 40:4; Ps. 48:5; Ps. 23:3; Ps. 116 ...; Sb.10-2 (28b):1

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons wat vandag die heilige Nagmaal wil vier, vir ons is Efesiërs 4 ook op besondere wyse bedoel. Die opskrif wat by vandag se gelese gedeelte moet uitstaan is dat ons soos nuwe mense moet leef. Daar moet iets van 'n lente ook by vandag se

Nagmaal wees soos ons daarbuite in die natuur hierdie tyd van die jaar die lente kan beleef! Dadelik mag ons vra maar hoe kan ek nuut word? Hoe kan ek by 'n lente-Nagmaal uitkom, dis ons preek-tema vandag.. Die feit is ons het reeds so 'n groot deel van Efesiërs hierdie jaar kon deurloop wat ons nuutheid nie alleen as opdrag gee dat ons nuut moet leef nie, maar so baie wat uit Efesiërs kom is alreeds die toerusting en toepassing wat ons lewens nuut kon maak.

(EERSTE SKYFIE)

Al kan ek nie uit myself vernuwe nie is die wonderlike is dat God jou vernuwe. God maak bekering moontlik. God werk in jou hart dat jy al meer vir die HERE lewe. Daarom is die opdrag heel eenvoudig, lewe 'n lewe van bekering, elke dag, (Sondag 33 V/A 88 VA die Kategismus vra dit heel duidelik op die man af- **Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens.** Ons antwoord uit twee dele- ***die afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe ...*** Dit wat elke dag moet gebeur. In Efesiërs 4 se lente-konteks vanoggend - lewe as iemand wat nuutgemaak is, elke dag wil ek nuut lewe.

***

Alles begin by die begin van Efesiërs 4 waar dit om God gaan. Dit gaan om die eenheid wat God daargestel het wat by vandag se Nagmaal ook op die tafel moet wees. Spesifiek handel Efesiërs 4 se begin oor jou en my roeping wat net een roeping kan wees- God roep jou – dis woorde wat soos 'n refrein in ons koppe dwarsdeur Efesiërs 4 moet bly draai - *Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het*. Ons moet een wees in ons roeping maar ons kan net een wees in ons roeping as ons in ons leer één is. Waar ons in vv 4-6 kon hoor daar is net één Gees en Hy is die Heilige Gees. Daar is net één Here en Hy is ons Here Jesus Christus. Daar is net één God en Vader van almal, Hy wat ons hemelse Vader is. Die eenheid van die goddelike Drie-Eenheid maak dat die ware Kerk van God ook een kan wees. God Self is die model vir eenheid by sy eie tafel. Die een beker waaruit die wyn kan vloei simboliseer ons eenheid in Christus maar ook die een brood dan nou in stukke gebreek, maar ons kry almal deel aan die een liggaam en bloed van Christus. Wanneer ek sy wyn drink uit sy beker wat Hy moes volmaak, sy liggaam eet wat gebreek moes word soos hierdie gebreekte brood hier voor ons. Alles kom van Hom wat die één Here Jesus is!

***

Dit is 'n eenheid en ook 'n roeping wat vanuit God uitgeleef moet word. Weereens ... *Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het*. Ja, soos

ons die pad deur Efesiërs loop en spesifiek dan ook nou deur hoofstuk 4 dan wil God die regte atmosfeer gee dat eenheid en roeping daar kan wees, ja dat roeping en ons eenheid waarlik een sal wees. In die kerk moet daar ’n atmosfeer wees van mense wat beskeie is, vriendelik, geduldig, wat mekaar in liefde kan verdra (Ef. 4:2). Ja, die model vir die kerk se eenheid, ook by die tafel vandag, is die Drie-Enige God. Die een Gees nl. die Heilige Gees smee hierdie eenheid, is wat ons in vers 3 lees. Ons moet daardie eenheid handhaaf, ons word daartoe geroep deur in vrede met mekaar te lewe.

***

So kan ons mekaar ook in hierdie eenheid oproep en opbou want het God ons nie alleen ’n model van eenheid gegee nie, maar Hy het ook aan ons die boumateriaal vir die besondere eenheid gegee omdat Hy vir ons verskillende gawes gegee het. Gawes van mense maar ook gawes om sekere dinge met die gawes te moet doen. Gawes van mense het ons oor gehandel waar ons besef God stel mense in besondere dienste, hulle wat die apostels was, hulle wat nou nog profete moet wees, ja ons moet voortbou op hulle wat in die Ou en Nuwe Testament geprofeteer het, daarom dat daar ook evangeliste, herders en leraars vir God moet wees. Spesifieke mense tot hierdie spesifieke gawes geroep. Alles voortbouend en opbouend uit die apostelamp wat hierdie ander ampte of dienste voorafgegaan het. Daar kan op geen ander fondament gebou word as dit wat reeds deur Christus en die apostels vir ons neergelê is nie.

Efesiërs 2 vers 20-22 het ons die grootste deel van die dinge al so duidelik kon hoor- *20 Julle is 'n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete, 'n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is. 21 In Hom sluit die hele gebou saam en verrys dit tot 'n heilige tempel vir die Here, 22 in wie julle ook saam opgebou word as 'n geestelike huis waarin God woon.*

***

Mense word as gawes aan God se kerk gegee, ook hulle wat kragtens God se roeping in die ampte moet dien, dit alles om die eenheid te versterk. Ek moet my gawes gebruik, daarom moet ek meeleef, ek moet my laat toerus sodat ek ook weer ander kan toerus. As ons lees van die genadegawes wat Christus ons skenk dan weet ons dit is ’n spesifieke gawe met spesiale eienskappe wat jou en my moet laat besef hier en juis hier wil God my in sy geestelike huis gebruik. Daar is geen gelowige kind van God wat nie gawes ontvang het nie. 1 Korintiërs 12

vers 7 stel dit so duidelik - *7 Aan elkeen afsonderlik word 'n werking van die Gees gegee tot voordeel van almal.* En dan ook vers 11 - *11 Maar al hierdie dinge is die werk van een en dieselfde Gees, wat aan elkeen afsonderlik 'n gawe uitdeel soos Hy wil.*

***

Waar u en ek met die gawe wat God spesifiek aan jou en my gegee het werk, dan is dit asof ’n nuwe wêreld, God se wêreld voor ons oopvou. Dit wat ons God se wêreld noem is wat ons ook as God se koninkryk moet beskou. Dit is waar ons lewe volgens die beeld en volgens die wil van God. ***(TWEEDE SKYFIE)*** (Dit alles gryp weer terug na Ef. 4:12 – 13). In God se koninkryk kom ek in ’n wêreld waar ek Christus eerste stel en ek Hom waarlik ken, ek wil met Hom een wees, in Hom opgroei en alleen in Hom volgroeid wees. Hy moet my lewe volledig beheer. Efesiërs 4 vers 13 stel dit so duidelik - *13 So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, sy kerk, soos 'n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus.* Daarom dat die Here ons in dieselfde konteks direk waarsku dat ons moet weet wat dit beteken om in Christus vas te staan.

Alles begin weer by die leer en dan sal die lewe daarbý aanpas. Roeping is hier ook weer die skakel tussen leer en lewe ... As ek Nagmaal vier is ek nie meer ’n kind nie, want het Paulus in vers 14 ons gewaarsku dat daar kom allerhande golwe en winde op ons af, so maklik word mense rondgeslinger *deur elke wind van dwaalleer* waar mense met slinksheid en listigheid ook andere op hulle eie dwaalweë wil wegvoer. Al manier hoe ons staande kan bly is om al meer by die waarheid te bly, ja bly in liefde by die waarheid en groei na Christus toe.

***

Wanneer die Here al hierdie dinge aan ons opdra dan maak Hy geen deel los van wat sy liggaam, sy Kerk ook in hierdie dae mee besig moet wees nie. ’n Gemeente wat groei kan alleen vanuit Christus groei. As daar groei in getalle is maar dit is nie ’n groei uit Christus nie, dan is die kritieke vraag nie die getalle nie, maar watter tipe groei is dit. Wildgroei soos die wilde lote by ’n wingerd. Dis groen en welig en kan dalk selfs indrukwekkend lyk maar wildgroei is op die einde ’n vermorsing van sap en grond. Ons groei wat uit Christus moet wees laat jou op elke oomblik van jou lewe nie verleë nie, want Christus ons Hoof gee ons die groeikrag.

Dit geld vir die gemeente in geheel, die hele liggaam van Christus, maar skuif ons nou na die tweede deel van Efesiërs 4 tot waar ons Skriflesing vandag gevorder het dan moet elke lid by homself/haarself begin. Elke een wat ook vandag aan hierdie Nagmaalstafel van die Here wil kom sit. Elkeen wat geestelik moet groei. Dis eintlik so logies. As ek as individu nie nuut word nie, ek as individu groei nie in my geloof nie, daar is dan nie geestelik groei nie, dan sal die liggaam wat God se Kerk is ook nie op die regte wyse kan groei nie. Dan word daar met die eenheid en die gawes en die liefde van God gemors en mag ons weet God laat nie met Hom mors nie.

***

En daarom die direkte toetrede tot vandag se Nagmaal gaan om ’n woord wat baie mense vandag nie graag wil hoor nie, maar wat in ons lewens, ons kerke en ons tyd altyd van kritieke belang sal bly, daardie woord wat ons swaar by uitkom, is die woord BEKERING! Dit waaroor die Kategismus in Sondag 33 so duidelik mee is. Paulus noem dit *julle gees en julle gedagtes moet nuut word. Lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.* Al die mooi dinge waarmee die begin van Efesiërs 4 mee ingekleur is, ja ek wil selfs nog verder gaan en sê dat in en deur alles wat ons in hierdie reeks met Efesiërs mee besig was, kom lê nou op ’n mespunt. Dit is asof daar iets van ’n kantelpunt in Efesiërs ook oor jou en my lewe kom. As ek hier verkeerd trap of ek weier om te doen wat God hier sê dan sal alles vooraf in Efesiërs eintlik nie veel beteken nie en dit wat hierna volg sal dan ook maar niksseggend wees.

***

In kort die kerk, Christus se liggaam, wat ons ook noem God se nuwe mensheid, ’n kerk moet in sy lewe nuut leef. Elke dag nuut leef, daar moet elke dag bekering wees. Weereens iets van lentegroei wat daar in die kerk moet wees, maar in die kerk moet dit altyd lente wees. Al is ons lewens so ouderdomgebonde en selfs seisoengebonde, ek kan die volgende winter in my lewe nie wegwens nie, niks kan dit ook wegneem nie, behalwe die laaste dag op aarde. Maar die ware kerk moet altyd glo dat in Christus is die kerk geroep tot ’n nuutheid en varsheid wat in die natuur die lente uitspel.

In die kerk kan ons in Christus sê dat al seisoen wat vir kerk-wees moet wees is die lente waarbinne ons Nagmaal mag vier. En sou ons dan hoofstuk 4 tot op hierdie punt bring van ’n

nuwe lewe en ons begin hfst. 5 ook toe te pas dan sien ons die nuwe lewe begin die oomblik as ek weet ek leef nie meer soos ’n heiden nie. Tussen my en ’n heiden is daar ’n verskil. Hoe baie keer maak ons maar nog soos die heidene al wil ek nie ’n heiden genoem word nie. Paulus praat baie ernstig as hy vir die kerk van die Here sê, spesifiek daardie gemeente in Efese - *17 In die Naam van die Here doen ek 'n ernstige beroep op julle: Moenie langer soos heidene lewe nie. Hulle gedagtes lei tot niks ...*

***

Ja, geliefdes so begin ’n nuwe lewe, so gebeur u geestelike lente al voel dit dalk soos winter in u hart, u dra dalk al die winter in u hart so lank met u saam, maar laat God jou hart en jou denke en jou manier van lewe verander. Dit wat God kan doen, is nie alleen verandering nie, maar vernuwing. Die ouer vertaling stel dit so mooi as ons ons teksverse daar lees - *23 en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed 24 en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid.*

Daar is ’n ou mens wat uitgetrek moet word. Weet u die ou mens in ons is so baie dinge en in baie gevalle is dit so ’n besige mens. Dit is so ’n uitputtende saak, die ou mens in my maak ons moeg, al dink die wêreld dit is wat die lewe moet wees. U hoor al die dinge wat Paulus aan die ou mens koppel - *Hulle gedagtes lei tot niks, 18 hulle verstand is verduister, en hulle het geen deel aan die lewe wat God skenk nie, omdat hulle hardnekkig in hulle onkunde volhard. 19 Hulle het heeltemal afgestomp geraak en hulle met 'n onversadigbare drang aan losbandigheid oorgegee om al wat vuil is, te doen.* So wil ons nie Nagmaal vier nie, maar in hierdie laaste van die lente maande, ja ’n Covid-jaar wat baie dinge van die ou mens na vore gebring het, laat ons vandag uitsien na ’n lente-Nagmaal wat nie seisoengebonde moet wees nie. Ons moet ook nie seisoen-gebonde en virus-gebonde en bowenal sonde-gebonde wil bly lewe nie, maar Paulus bring alles tot die mespunt, dalk jou en my kantelpunt dat ons moet lewe soos hulle wat Christus ken. Verse 20-21 gaan alles oor ’n nuwe lewe, ’n nuwe seisoen in Christus. *20 Maar dit is nie hoe julle Christus leer ken het nie. 21 Julle het tog van Hom gehoor, en omdat julle sy volgelinge is, is julle onderrig volgens die waarheid wat in Jesus is.*

Dadelik wil Paulus ons gesindheid nou voor hierdie Nagmaal weer benadruk- Daar moet ’n breek in jou lewe kom, maar dit moet die regte breek wees- *22 Hou dan op om te lewe soos julle*

vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. 23 Julle gees en gedagtes moet nuut word; 24 lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig. As ons die Grieks hier lees van *breek met die ou mens* dan het die Grieks letterlik die vertolking van om jou ou klere, jou ou mens uit te trek. Ja, die woord vir *trek uit* is in sy grammatika so geskryf dat jy dit moet uittrek en jy moet dit daar los. Dit moet vir jou 'n afgehandelde saak wees. Ja, mag u dan nou aan hierdie tafel kom sit as 'n nuwe mens, waar ons by nabetragting nog dieper op hierdie nuwe mens wil ingaan. Kom na hierdie lente-Nagmaal ook in die beoordeling van jouself en jou lewe met die vraag- watter verskille is daar in my lewe met die heidene vanweë die feit dat ek Christus kan ken en Hom nog meer en beter wil leer ken.

AMEN

NABETRAGTING-

Eph 4:24 ... lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.

Voor die Nagmaal was ons vraag watter verskil maak Christus in my lewe. Die feit dat ek met Hom Nagmaal kon vier, watter verskil gaan dit by jou ná vandag se Nagmaal maak. Gaan ek die lewe van die nuwe mens verder voluit wil lewe. Gaan ek die nuwe mens aantrek om nou weer meer letterlik by die Grieks van ons teksgedeelte vandag uit te kom. Ons weet dit is geen towerformule wat ons hiermee werk nie. Dit is 'n daaglikse proses, dis 'n lewenslange proses. Daar is elke dag iets van 'n uittrek, elke dag die ou mens uittrek, ek moet elke dag daarvoor bid en vra dat ek die ou mens uit my lewe kan kry, ek ophou om soos die sondige ou mens te lewe, maar al is ek dalk al oud, ek steeds elke dag die nuwe mens wil aantrek.

Die riglyne vir die nuwe lewe is nie nuwe riglyne nie. As u Efesiërs 4 lees en ook die begin van Efesiërs 5 dan kom ons eintlik maar by die Wet van die Here uit. Onder andere -Die agste gebod- jy mag nie steel nie ... die derde gebod jy mag nie vloek nie ... Hoofstuk 5 se begin draai weer om die sewende en die tiende gebod – Jy mag nie egbreuk pleeg nie – Jy mag nie begeer nie ... Paulus sê in wat die Here sê - *3 Soos dit gelowiges betaam, moet daar van ontug, onsedelikheid in enige vorm, of gierigheid onder julle selfs geen sprake wees nie. 4 Growwe, ligsinnige of vuil praatjies pas nie by julle nie; nee, dank aan God pas by julle.* Ons sal soveel van die nuwe lewe, ook die riglyne vir die nuwe lewe alleen by God se Wet kan gaan haal. Dis alleen vanuit die Here se Wet wat ons daadwerklik sal kan kom by wat vers 24 sê - ... *lewe*

volkome volgens die wil van God en wees heilig. Ja, wees heilig is wat ons groot gedagte by die nabetragting moet wees. Die vraag wat ons hier bly vra- Is u wel gereed, nie alleen vir wat daaglikse bekering werklik alles inhou nie, maar is u gereed vir die geestelike lente in u lewe wat sal wees 'n lewe van heiligmaking. 'n Lewe van om heilig te wees. Dit wat God se wil vir u lewe is. Ons tekswoorde weer – *lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.* Die Ouer vertaling verwys hierna as 'n lewe *in ware geregtigheid en heiligheid.* Dit gaan eenvoudig om wat reg is en wat heilig is.

Dan lewe ons in God se liefde. Daaroor handel Efesiërs 5 se begin. God se liefde en God se lig is natuurlik dit wat ook 'n eenheid moet vorm. Efesiërs 5 vanaf vers 6 handel juis oor God se lig ... Weereens die baie eenheids-gedagtes wat Efesiërs soos 'n suurdeeg mee deursuur is. God se liefde en God se lig word een ... Soos wat God se reg en God se heiligheid een is. 'n Volgende preek sal daarbý moet kom. Dit laat werklik die brood rys wat vandag se Nagmaal ook gerysde brood kon bevat. God se liefde ... God se lig.

In 'n sekere sin kan ons sê 'n lewe van heiligmaking is ook 'n lewe wat bereid is om voor God, in God se lig uit te rys. Ek staan op vir wat reg is, al moet ek daarvoor in groot stryd kom, maar dan stry ek die goeie stryd wat ek sal bly stry. Selfs tot die dag van my dood, selfs as dit dan my dood moet veroorsaak, soos soveel martelare in die Here se Kerk bereid was om met hulle lewe hiervoor te betaal. Die Kerkgeskiedenis is daarvan vol.

Is u daartoe bereid?! Of is ons gedagtes oor waarmee God met ons praat met al te veel ligsinnighede en niksseggende praatjies en beskuldigings besaai, ons wil mekaar besny. Dit terwyl ons harte voor God besny moet wees, want bekering noem Paulus elders eenvoudig die besnydenis van die hart (vgl. bv. Kol 2:11). Geliefdes laat dit na vandag se Nagmaal dan wel wees, dit waartoe ons bereid is – dit waaroor jou lewe van heiligmaking werklik oor moet handel- dit wat jou kan laat wees wat die Here sê – WEES HEILIG! U kan dit wees, maar dan moet u gees en u gedagtes nuut word, dan moet jy lewe as 'n nuwe mens wat na die beeld van God geskep is, dan moet jy wil lewe, *volkome volgens die wil van God.* Trek die ou mens uit, trek die nuwe mens aan. Dit is waarlik 'n lewe van daaglikse bekering. -

AMEN